DEEL 115 | WEEK 10 | 10 MAART 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HEILBRON TUINDIENSTE

Dubbel erf @ R850p.m
Gewone erf @ R600p.m
Meenthuis erf @ R400p.m

Sluit in:
Grassny; Rante sny;
Hou beddings netjies;
Snoei van struike en Bome;
Skoonblaas van sypaadjie en
Verwyder vuilgoedsakke.

SKAKEL EBEN STANDER
082 431 1926 | 072 582 9961

# NAGMERRIE NA INBRAAK



Lisensiekantore is in baie dorpe berug vir die haglike toestande wat daar heers. Dit is nie ongewoon dat mense ure of selfs dae lank in rye wag, net om lisensies te hernu nie.

Hierdie toestande is dikwels 'n gevolg van 'n gebrek aan voldoende hulpbronne, personeel en infrastruktuur.

Heilbron se kantore het vir lank gespog met vinnige flinke diens, maar nou sal Heilbronners heelwat verder moet ry om hul lisensieskywe, asook bestuurslisensies te hernu.

Bestuurders wat hul lisensies vandeesweek wou hernu, is weggewys na Frankfort, Koppies of Sasolburg, omrede al die toerusting laas week Donderdagaand gedurende beurtkrag gesteel is. Dit is die tweede keer wat Heilbron se kantore in die visier is van diewe. Gedurende Maart 2022 was daar ook by die ou kantore wat die PAO (Paaie administrasie) kantore was, ingebreek.

Volgens Jafta Mokoena, lid van die Demokratiese Alliansie (DA) wetgewer en DA Vrystaat tweede ondervoorsitter, het hy reeds die saak met die hoof van die departement opgeneem. Hy beweer dat haar antwoord op die vraag van wanneer daar nuwe toerusting sal wees, nie na wense is nie. As gevolg van die afsluiting van die finansiële jaar, is sy nie seker wanneer Heilbron enige apparate sal ontvang nie.

Dit is ook jammer dat die diens wat eens aan inwoners van buurdorpe gelewer is, nou van die baan is; verskeie persone vanaf die dorpe het Heilbron besoek, as gevolg van die swak diens in hul eie dorpe.

Daar is die opsie om hernuwing aanlyn te doen. Persone kan die Natis Online Service besoek by htts://online.natis.gov.za/#/auth/login wat hernuwing heelwat sal vergemaklik.

*Op die foto: Personeel by Heilbron se lisensie-kantore, met hande in hul hare.*

International Food Producers Co-op established by Agenbag's All Trade CC/BK commenced operations as Co-op Wednesday 01/03/2023.
Register your interest to become a member of this Co-op by WhatsApp or Email.

AAT Agenbag's All Trade
'In Deo Sapientiae Lux'
Business by The Book

agenbagsalltrade@gmail.com
++27 (0)60 397 6380
++27 (0)82 600 8973
++27 (0)71 059 5024

Professional services offered:
- Business Practitioners (IBASA)
- Business Rescue Practitioners (CIPC)
- Trade Finance Specialists (Euro-Exim Bank)
- Project Finance and Funding Specialists (Euro-Exim Bank)
- Economists
- Agricultural Economists
- Analysts.

Schedule your free first consultation by WhatsApp or Email. Your business deserves this professional services to progress to the top of the pack.

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
www.bkb.co.za

HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Museum jaarkalender bekendgestel

Die Riemland Museum stel hul kalender bekend in terme van aktiwiteite vir die jaar. Die nuwe komitee is baie opgewonde oor een en elk van hierdie spesiale dae en nooi almal uit om hulle te kom ondersteun.

**Saterdag 11 Maart 2023:** Swartkruit Vereeniging Vertoning by Vegkop Museum

**Saterdag 6 Mei 2023:** Riemland Museum Mark by Riemland Museum Heilbron

**Vrydag 25 Augustus 2023:** Riemland Museum Kunsuitstalling en Kaas en Wyn geleentheid

**Saterdag 30 September 2023:** Plant Dag by Riemland Museum Heilbron

**Vrydag 28 Oktober 2023:** Storie aand en -nag ook by Riemland Museum Heilbron

**November 2023:** Kersmark by Riemland Museum Heilbron – Die datum sal nog vasgestel word en deurgegee word aan die gemeenskap.

Alle fondse wat ingesamel word sal gebruik word vir die uitbreiding van die museum se inhoud, asook die instandhouding van die gebou en terrein.

Lanzo Soothill, voorsitter van die museumkomitee, stel ook die gemeenskap in kennis dat die Museum elke Vrydag tussen 9:00 en 14:00 vir die publiek sal oop wees. Die ingangsfooie is R10 per volwassene, R5 per kind, maar gratis vir skoliere in uniform. Skakel 081 898 1457 indien enige verdere inligting benodig word of indien groot groepe die museum wil kom besoek.




# Cataracts and Glaucoma

***• Heilbron Clinic***

Cataract is a painless, cloudy area in the lens of the eye. Cataracts may cause vision problems such as cloudy, foggy or filmy vision, glare from lamps, sunlight, car headlights, and double vision. They are common in older adults.

Glaucoma is an eye disorder that damages the optic nerve at the back of the eye. The damage is often related to excess pressure in the eye. Glaucoma rarely has symptoms and develops slowly over several years. If it is not treated, however, it may lead to blindness.

Cataracts and glaucoma are easy to detect during routine eye examinations. Both respond well to treatment. Talk with your doctor about the best schedule of eye examinations for you based on your age and risk factors for these eye problems.

Call your health professional immediately if you have sudden blurry vision, loss of vision, or pain in the eye.

If you are considering a cataract operation, gather as much information as possible about the risks and benefits of the operation.

Getting all the facts and thinking about your own needs and values will help you work with your doctor to make a wise health decision.

# 'n Eerste vir die AGS-Kerk Heilbron

Bron van Lewe, AGS Gemeente in Heilbron, is opgewonde om die goeie nuus met die gemeenskap te deel dat Pastoor Derick De Lange se preke vanaf die 5de Maart elke Sondag op Kruiskyk uitgesaai word.

Sy verskynings word beskou as 'n groot eer vir die gemeente.

Volgens Theuns Serfontein, het Kruiskyk ongeveer drie weke gelede vir Pastoor Derick gekontak en genoem dat hulle belangstel om sy preke op hul program uit te saai, waarna die pastoor ingestem het.

Heilbronners kan gerus elke Sondag om 11:00 op Kruiskyk inskakel, of Maandae om 10:30.



# Uitdiepen: *Week 10 van 2023*



Ek het nog nooit iets van Oscar Wilde gelees of gesien nie. Ek het wel onlangs 'n interessante aanhaling van hom gehoor: "Ek hou daarvan om met 'n baksteenmuur te praat – dit is die enigste ding in die wêreld wat my nie kan weerspreek nie." Dit kom uit Lady Windemere's Fan. Hierdie toneelstuk is vir die eerste keer op 20 Februarie 1892 in the St Jamesteater in London opgevoer.

Uit dieselfde teaterstuk het die meneer Wilde opgemerk: "Daar is net twee tragedies in die lewe: as jy nie kry wat jy wil hê nie, en as jy dit wel kry." Wat my laat dink het.

Ek het eerstehands hiermee kennis gemaak. Ek het destyds 'n vriend gehad wat my gryse ou vader as 'n "buitelugmens" beskryf het. 'n Buitelugmens is een wat drink soos 'n vis en slaap soos 'n klip. Kom ons noem die vriend Manie. To protect the innocent, sê hulle.

Manie het gevàt. Vir die eerstespan. Hy was nooit dronk by die werk nie, maar hy het soos die SAB geruik, voeg net rooi oë by. Wanneer hy elke periode sy hande natmaak en dit deur sy kuif trek, weet ek dat dit die babalaria is wat inskop.

Op 'n naweek het twee van sy universiteitsvriende kom kuier, en die drie het buite sy woonstel gesit om vleis te braai. Later was hulle gaar en die vleis rou. Ek, die buurvrou, het ook gaste gehad en ons moes na al die vulgêre liedjies luister wat die trio luidkeels laat hoor het. Regtig sies-liedjies.

Ek het vir 'n geruime tyd gehoop (en gebid ook, dink ek) dat daar iets met Manie moet gebeur wat sy lewe sal verander.

Daardie aand het die trio in sy kar gespring, op pad see toe. Wat so 450 kilometer van ons af is. Met doefdoefmusiek en skreeuende bande.

Dankie tog, nou kan ek gaan slaap.

Vroeg die volgende oggend bel Manie my: Hulle was in 'n ongeluk, so 150 km van ons dorp af. Teen 'n bees vasgery. Nee, niemand is dood nie, maar hulle se lywe is effens seer. Hulle het die aand in 'n boer se huis spandeer, en die stukkende motor sal daardie oggend ingesleep word na die skrootwerf. Sal ek hulle asseblief kom haal?

Ek het wel nie gewens dat hy in 'n ongeluk moes wees nie, maar ek is opgewonde dat Manie uiteindelik gaan ophou drink. Ek gaan haal die drie mans.

Wat het toe met Manie gebeur? Hy het net meer gedrink en was meer onverskillig, want die ongeluk het hom geleer dat die lewe te kort is om nie te geniet nie.

Ja, wel, dis nou nie wat ek in gedagte gehad het nie. Maar daar is net twee tragedies in die lewe: as jy nie kry wat jy wil hê nie, en as jy dit wel kry.

Kyk nou maar na die aflope week se kabinetstjommeling. Daar was twee ministers wat seker onder die gootste kritici van onse Prez was en gewens hy kan gaan. Missus Tottenham Hotspur het vanaf November 2022 in 'n reeks mediaberigte uitgevaar teen die Prez en die regstelsel wat koloniaal is en dit en dat en so meer. En die Prez bank sy geld in die verkeerde bank.

Die ander mens was in 2020 met die pandemie aan die voorpunt van drakoniese wetgewing en regulasies. Sy het in die kalklig gebaai en omtrent weekliks 'n nuwe kopdoek gedra op TV uitsendings. Sy het in Desember, saam met drie ander kabinetsitters, teen die Prez se Phala Phalagedoente gestem en haar luid uitgelaat het dat hy skuldig is. Ook dat hy sommer die pad moet vat.

Dis seker nie wat die twee dames in gedagte gehad het nie. Daar is net twee tragedies in die lewe: as jy nie kry wat jy wil hê nie, en as jy dit wel kry.

Onlangs vertel 'n vriend dat hy en sy kollega hulle vennootskap gaan verbreek. Toe kollega nie werk gehad het nie, het vriend 'n maatskappy begin waar hy en kollega uiteindelik vennote sou word. Die maatskappy het vir kursusse van kollega betaal sodat sy ontwikkel en bemagtig kan word. Wat sy nie geslaag het nie omdat sy dit nooit voltooi het nie.

Vir lank het sy gekla oor haar werkslas. Vriend het aangedui dat hulle dit kan bekostig om hulp aan te stel. Goed dan, sy sal bly wees. CV nà CV het opgedaag, maar net niemand was ooit goed genoeg nie. Dus het jare verbygegaan met geen hulp nie.

Einde van verlede jaar bekla sy weer haar lot oor die hoeveelheid werk wat sy moet doen. Vriend noem dat sy lankal reeds toestemming gekry het om iemand aan te stel wat haar kan help, waarop sy elke liewe Barbiepop uit haar bed gooi en sê: "Dan ontbind ons sommer ons vennootskap."

Sela, sê vriend, your wish is my command. "Ons begin dadelik met die prosedure, en ek gaan iemand aanstel wat ons met die proses kan help sodat nie een van ons twee benadeel word nie."

En dit was dit. Die mediator is aangestel en hulle het op 'n datum ooreengekom wanneer die maatskappy gesluit sou word. Met elke vergadering met die mediator het sy gesê: "Onthou dat hierdie nie my idee was nie."

Mmmm, dis wat jy dink. Jy het daarvoor gevra, al was dit in 'n oomblik van woede.

Baie keer vra ons iets, ons bid selfs dat ons dit sal kry. Waarmee daar glad nie fout is nie. Wanneer jy daaroor bid, is daar 'n Goeie Vader wat vir jou gee wat jy nodig het. Of jy nou kry waarvoor jy gebid het, al dan nie.

Maar wees versigtig wanneer jy iets uit woede sê-vra of jou in die openbaar oor iets uitlaat.

Hierdie week se les kom van Oscar Wilde af: Daar is net twee tragedies in die lewe: as jy nie kry wat jy wil hê nie, en as jy dit wel kry.

Dink daaroor.

# Klagtes oor Voortrekkerterrein

Die komitee van die museum is hard aan die werk om te verseker dat die legendariese gebou en perseel in die beste kondisie vir besoekers is. Terwyl die museum se komitee hul bes probeer en als in hul vermoë te doen om die plek netjies te hou, kla Heilbronners oor die swak kondisie van die Voortrekkerterrein in Heilbron. Volgens die ontstelde inwoners is die gras gereeld vreeslik lank wat bydra tot die onnetheid, asook die elektriese draadheinings wat slap hang en geroes is. Die gemeenskap is van mening dat die Voortrekkerterrein 'n belangrike deel van Heilbron se geskiedenis is, en dat die perseel ten alle tye netjies gehou moet word. 'n Persoon het op Facebook sy kommentaar gelewer nadat hy gesien het hoe die boere self die paaie herstel. "As hier in Heilbron nog Voortrekkers is, hoop ek hul bestuur wil sien wat die mense hier bo doen, en dit op hul eie terrein toepas, of is dit die manier om vir die kinders te wys en voorbeeld te stel hoe dit nou gedoen word." Volgens Cornè van der Merwe, komandoleier van die Voortrekkers, het hulle nie fondse om die terrein in stand te hou nie. Cornè vra dat mense wat kla met voorstelle sal kom en sê wat hulle kan doen om te help om die terrein te verbeter, aangesien dit 'n gemeenskapsterrein is. Volgens inligting wat deurgegee is aan die Heilbron Herald het die vorige kommandoleier die terrein onderhou deur geld uit sy eie sak aan die terrein te spandeer.







*Piet Lombard en Jaco Calitz van Heilbron Museum*

# International Food Producers Co-op (Agenbag's All Trade CC/BK)

• *Riaan Agenbag*

**Bestuur bepaal jou besigheid-en-boerdery-onderneming se sukses!**

Geen onderneming funksioneer in 'n vakuum nie. Die onderneming kan nie losstaan van die omgewing waarbinne dit funksioneer nie en word dus beïnvloed deur die eksterne onbeheerbare omgewing.

Om die ondernemingsdoelwit te bereik moet die onderneming tred hou met die voortdurende veranderende eksterne omgewing deur die beheerbare ondernemingsaspekte (interne ondernemingsaktiwiteite) daarby aan te pas.

Om die boerdery-en-besigheid-doelwit te bereik is daar spesifieke beheerbare ondernemingsaktiwiteite wat doelmatig tot uitvoer gebring moet word deur jou bestuur daarvan.

Alvorens die onderskeibare ondernemingsaktiwiteite bespreek word moet die veranderende eksterne omgewing ondersoek word.

**Die beste oplossing is die een wat werk:**

Om te bepaal wat werk en wat werk nie moet die realiteite wat landbou en handel in Suid-Afrika in die gesig staar gelys word. Hierdie lys van realiteite is nie partydig teenoor enige spesifieke uitkoms nie en is verkry deur fasilitering van strategiese sessies met van die mees suksesvolle landbou-produsente en besighede in die land. Landbou-produsente is verstom dat die regering se grondhervormings-plan soveel tekortkominge het en ook te kort skiet wat betref vordering om 'n praktiese oplossing wat werk te vind.

Produsente besef die risiko om druk te laat oplaai deur net eenvoudig niks te doen nie. Deur niks te doen nie vermeerder die moontlikheid van ekstreme en chaotiese response. Hulle maak die punt dat net soos wat die risiko van burgeroorlog voorkom is gedurende die 1990's met onderhandelinge en aksies van belanghebbendes, net so benodig die landbou nou onderhandelinge en aksies van belanghebbendes wat 'n oplossing wat werk bied waarvan hulle as produsente ook deel kan wees hulself.

Met die voortdurende veranderende eksterne omgewing nou ondersoek en vasgestel moet die volgende onderskeibare ondernemingsaktiwiteite (beheerbare ondernemingsaspekte) by die eksterne omgewing aangepas word naamlik:

Algemene leiding, Tegniese aktiwiteit, Finansiële aktiwiteit (Sien bespreking), Administratiewe aktiwiteit (Sien bespreking), Bemarkingsaktiwiteit (Sien bespreking), Personeelaktiwiteit (Sien bespreking), Aankoopaktiwiteit (Sien bespreking) en Eksterne betrekkinge (Sien bespreking).

**Finansiële aktiwiteit:**

Die algemene uitgangspunt van die landbou-ondernemer moet wees om die onderneming hom ten doel te stel om die waarde van die onderneming vir sy eienaars (aandeelhouers) te maksimaliseer, of anders gestel, om die materiële rykdom van sy eienaars te maksimaliseer. Die doelwit van die maksimalisering van die waarde van die onderneming vir sy eienaars geskied binne sekere risikogrense, byvoorbeeld die handhawing van gesonde likwiditeit en solvabiliteit.

Gesonde finansiële bestuur van die landbou-ondernemer moet bestaan uit: (1) 'n Investeringsbeleid – die soort en hoeveelheid bates wat die onderneming moet aanskaf. (2) 'n Finansieringsbeleid – die aantrekking en aflossing van kapitaal, besluite oor finansieringsvorme en –bronne en die koste van kapitaal. (3) Finansiële ontleding om die finansiële prestasie van die landbou-onderneming te bepaal en die ontleding van die fondsbeweging in die onderneming. (4) Begrotings en begrotingsbeheer. (5) Inkomstebepaling en waarderingsvraagstukke. (6) Kombinasievorming. (7) Finansiële reorganisasie.

**Administratiewe aktiwiteit:**

Die aktiwiteit het ten doel om inligting te versamel, te verwerk en beskikbaar te stel aan bestuur. Die taak is om toe te sien dat die administratiewe aktiwiteite volgens gesonde bestuursbeginsels in die onderneming vervul word. Benewens die hantering van die inligtingstelsel kan aktiwiteite soos poshantering, liassering, telekommunikasiedienste, druk- en kopieerwerk, asook sekere aspekte van die boekhouding, kosteberekening, die begrotingstelsel en ondernemingstatistiek onder die die adminsitratiewe afdeling resorteer.

**Bemarkingsaktiwiteit:**

Die plek van produksie en verbruik is eerstens nie meer noodwendig dieselfde nie; gevolglik het 'n plekgaping ontstaan. 'n Tweede gaping wat ontstaan het, is 'n tydgaping, aangesien die tyd van produksie en verbruik gewoonlik verskil. Voorts is die meeste bedrywe ingestel op massaproduksie ten einde die voordele daarvan te bekom, terwyl die individuele verbruiker in veel kleiner maat verbruik; gevolglik ontstaan 'n hoeveelheidsgaping.

Vierdens is daar sprake van 'n verskeidenheidsgaping aangesien die verbruiker 'n verskeidenheid produkte wil aankoop om verskillende behoeftes te bevredig. Ondernemings spesialiseer gewoonlik slegs in die aanbieding van 'n klein persentasie van hierdie verskeidenheid van produkte. Vervolgens ken die verbruiker nie altyd die aanbodbronne nie en die produsent ken weer nie die vraagbronne nie. Hierdie toedrag van sake gee aanleiding tot 'n inligtingsgaping. Sesdens beskik die produsent oor die goedere en die verbruiker wil dit weer bekom deur op die een of ander wyse daarvoor te betaal om besit- of eiendomsreg te verkry.  Daar is dus die besitgaping wat oorbrug moet word.

**Personeelaktiwiteit:**

Die aktiwiteit behels die effektiewe leiding van ondergeskiktes sodat hulle kennis, vaardighede, vermoë en bekwaamhede so voordelig moontlik benut kan word. Die personeel van 'n landbou-onderneming moet met reg as een van die onderneming se grootste bates bestempel kan word. Dit is jou as bestuurder van jou landbou-onderneming en boerdery se plig om deur korrekte hantering van alle personeelaangeleenthede en die toepassing van gesonde personeelbestuursbeginsels, te streef na die beste benutting van die menslike hulpbronne sodat hulle prestasies verbeter en hulle produktiwiteit verhoog kan word.

So stel jy personeellede in staat om die groots moontlike bydrae tot die bereiking van die doelwitte van jou landbou-onderneming te lewer.

**Aankoopaktiwiteit:**


Die funksie is om toe te sien dat die regte produkte teen die regte prys en gehalte betyds beskikbaar is vir aanwending. Die aktiwiteit is van die belangrikste aktiwiteite, veral as dit in ag geneem word dat dit by uitstek die landbou-onderneming-aktiwiteit is wat verantwoordelik is vir die uitvloei van geld uit die boerdery en dus 'n direkte invloed het op die winsposisie van die landbou-onderneming.

**Eksterne betrekkinge:**

Die beeld van jou boerdery en ook jou beeld as boer en landbou-produsent wat uitgedra word is van groot belang omdat dit tot 'n groot mate die houding en gedrag van belanghebbendes, persone, verbruikers en instansies wat die regering insluit, jeens jou onderneming bepaal. Eksterne betrekkinge is die doelbewuste, beplande en volgehoue pogings om 'n wedersydse verstandhouding tussen 'n landbou-onderneming en persone en instansies buite die boerdery tot stand te bring en in stand te hou. Uit bogenoemde is dit duidelik dat eksterne betrekkinge by uitstek gerig is op die beeld van die onderneming en dat dit dus nou verwant is aan die bemarkingsaktiwiteit van die landbou-onderneming.

**Bestuur** die aktiwiteite so dat die landbou-onderneming ten volle en effektief aanpas by die onbeheerbare eksterne omgewing.

Verseker so die toekoms van jou landbou-onderneming en verantwoord aan Hom, die Eienaar van alles wat toevertrou word aan ons en aan landbouers. Registreer u belangstelling in lidmaatskap van International Food Producers Co-op (Agenbag's All Trade CC/BK) deur WhatsApp of Epos.



# Bronnie atlete spog met uitstekende prestasies

Die atlete van Hoërskool Heilbron het verlede week gereed gemaak vir 'n besige, maar opwindende naweek. Die sekondêre atlete het verlede week Vrydag en Saterdag aan die Vrystaat kampioenskappe te Sasolburg deelgeneem, waar elke kind hul beste gegee het. Alhoewel almal skitterend gedoen het, het die skool 'n paar uitblinkers gehad. Die volgende leerlinge het prestasies behaal:

Michaela Grobler, 6de plek in diskus en 4de in gewigstoot;

Estené Janse van Rensburg, 2de in die 5000m stap;

Danie Bornman, 2de in paalspring;

Siphelele Dhlamini, 2de in Hoogspring en 6de in verspring;


Lizelle Swanepoel, 2de in paalspring;

Carika Rochat, 5de plek in diskus en Melissa Kruger eerste plek in paalspring met 'n SA kwalifiserende hoogte.

Die Primêre atlete het ook nie lyf weggesteek nie en het Saterdag 4 Maart in Bloemfontein aan die Vrystaat byeenkoms gaan deelneem. Die uitblinker by die byeenkoms was Shamoné Ribeiro met 'n 2de plek in die 150m.

Gerrit du Plooy was 3de in gewigstoot en 7de in diskus; asook Jurie Jonker met 'n 7de plek in gewigstoot.
















# Sandersville hou karnival

Sandersville Combined School het Saterdag, 4 Maart, 'n heerlike karnivaldag by die skool aangebied. Dit het vir groot vermaak gesorg en daar was iets vir almal. Speletjies vir die jonger kinders, netbal, sokker, vlugbal wedstryde, heerlike kos vir honger magies en 'n potjiekos kompetisie wat verseker die hoogtepunt was. Vier spanne het ingeskryf vir die kompetisie en gekook dat die biesies bewe. Die wenner het weggestap met 'n R1000 in die sak, asook 'n dag van hulle keuse by die mooie gastehuis, Villa Bonheur. Die persoon in die tweede plek is ook R500 ryker. Die skool wil net graag al die borge bedank wat gehelp het tot die bydra van hul suksesvolle dag: Pakworks, Heilbron Herwinnaars, Sanjo's, Spur, OK Grocer, Johan Breitenbach, Star Slaghuis, Lanie Coetzer en Petro Meintjies, eienaar van Villa Bonheur.

Sandersville het ook namens die grondslagfase 'n fondsinsameling gehou, waar drie gelukkige wenners met heerlike braaipakke weggestap het. Die skool wil net graag elkeen bedank wat hulle ondersteun het.



*Op foto Potjiekoswenners: Ranchia Leeuw en Roseline Vosloo.*


















*Op die foto's vl: Ashley Matroos, Dineo Nthaka en Nokufa Sempe.*







# Beurtkrag: lei tot meer misdaad

• *Vrystaat Landbou*

Die groeiende gebrek aan selfoonopvangs en -seine (agv beurtkrag) bemoeilik kommunikasie vir boere. Dit maak ook nooddienste ontoereikend.

**Inleiding:**

VL kry toenemend klagtes van boerderygemeenskappe rakende die niebeskikbaarheid van selfoonseine/ netwerke in hul areas. Boere kla dat hul geen opvangs het nie, dat hul nie eens die kliëntediens-sentrums van selfoondiensverskaffers kan kontak om hul foutrapportering te doen nie. Daar word ook gemeld dat met beurtkrag en beperkte/nie beskikbaarheid van selfoonnetwerke, daar 'n toename is van misdaad wat boere negatief op hul plase beïnvloed, dus vir hulle 'n groot veiligheidsrisiko is.

Die opname deur Vrystaat Landbou Landelike Veiligheidkomitee was daarom deur verskeie boerderygemeenskappe in die Vrystaat versoek.

**Beurtkrag en misdaad**

Vrystaat Landbou (VL) se Landelike Veiligheid komitee het in 38 Vrystaatse boerderygemeenskappe ŉ onlangse opname gedoen rakende die impak van beurtkrag op hul bedrywighede.

57,5% van respondente het aangetoon dat hul 40 en meer ure se beurtkrag per week ervaar. Dit verteenwoordig tussen 1 en 1½ werksdag / produksiedag per week wat tot niet is.

Dit is 'n verlies van 14% tot 20% aan produktiwiteit elke week.

Die opname toon verder dat boere tydens beurtkrag gebuk gaan onder meer misdaad. Dit is:

- 40.55% van misdade hou verband met produk diefstal (diesel, saad, kunsmis tol)
- 24,9% infrastruktuur diefstal waaronder koperkabel-, sonpanele en sinkplaat diefstal
- 18,43% veediefstal
- 15,7% diefstal van implemente en voertuie.

64,4% van boere het aangetoon dat hul tussen 1 tot 4 misdaad insidente die afgelope 3 maande ervaar het wanneer beurtkrag plaasvind, terwyl 21 aangedui het dat hul tussen 5 - 19 misdaad insidente gehad het. Dit beteken dat moontlik tussen 323 tot 768 misdaad insidente tydens ŉ 90 dae periode op 2% van plase in die Vrystaat plaasgevind het.

**Beurtkrag en selfoonnetwerke**

Daar is gemiddeld 5 familielede op plase woonagtig. 92,5% van die persone gebruik

Vodacom of MTN se diens. In 89.4% van gevalle het boere, hul families en werkers beperkte tot geen kommunikasie tydens beurtkrag.

93,12% van respondente het aangetoon dat hul selfoon probleme ervaar met of Vodacom of MTN buite beurtkrag skedules. Veral die gemeenskappe van Bultfontein, Clocolan, Dewetsdorp, Heilbron, Hoopstad, Jacobsdal, Kestell, Koppies, Marquard, Odendaalsrus, Petrusburg, Rosendal, Tweeling, Verkeerdevlei, Welkom se boerderygemeenskappe het aangedui dat die hele boerderygemeenskap toenemend negatief beïnvloed word deur swak selfoonseine/netwerke. Respondente skryf dit toe aan die impak van beurtkrag op die selfoonnetwerke.

Die opname deur Vrystaat Landbou het ook uitgewys dat 58% van plaaswerkers, hul families en boere nie nooddienste in die hande kon kry die afgelope 3 maande nie weens swak selfoonnetwerk seine agv beurtkrag.

**Bevinding:**

Boere ervaar meer insidente van misdaad tydens beurtkrag. Beurtkrag het verder ŉ negatiewe impak op die landbou se kommunikasienetwerke veral in kritieke tye wanneer die SAPD en of nooddienste ontbied moet word. Dit verhoog die risiko van plaasaanvalle vir boere, hul gesinne en plaaswerkers.

**Aksie stappe nodig:**

1. Selfoondiensverskaffers moet met dringende intervensies vorendag kom, of korting inbring vir boerderygemeenskappe, subsidies vir oprigting van wifi-torings en groen energie ten einde kommunikasie in landelike gebiede te verseker, asook 'n alternatiewe aanmelding sentrum (whatsapp) nommer daarstel vir fout rapportering, wat op sy beurt die impak en omvang van misdade beter kan aanspreek.
2. Groter noodsaaklikheid vir georganiseerde gemeenskappe en plaaswagte wat met radionetwerk kommunikeer.
3. Die Staat moet na vore tree om alternatiewe kommunikasienetwerke tot stand te bring via radio en satelliet verbindings.

# Uniefees-oord: Nog geen reaksie

DA-raadslid Robert Ferendale het gisteroggend nog niks van Ngwathe verneem oor die vervalle Uniefees-terrein buite Heilbron nie. Hy het per brief praktiese voorstelle om die terrein te hernuwe gemaak.

"Ek wag nog op reaksie van Ngwathe" sê hy.

Dit nadat Herald berig het dat die oord nou totaal vervalle is (Herald, 3 Maart) Dit was eens 'n gewilde munisipale ontspannings- en piekniekterrein. "Dit het ook 'n inkomste gelewer, en kan dit weer doen," voeg Rdl Ferendale by. Hy het tien dae gelede 'n oorsigbesoek aan die terrein gedoen.

"Dit breek jou hart," het hy daarna aan Herald gesê. "Eens pragtige fasiteite lê nou in puin, skade waar jy kyk." Hy sê dakke, vensters, deure, en elektriese kabels is alles uitgeruk deur vandale of weggedra deur diewe. Hy sê wat oorbly kan met groot moeite (en daarom ongelukkig ten duurste) weer herstel word. "Maar dit moét nou gebeur."

DA-raadslede sê Ngwathe munisipaliteit is besig is om finansieel te sink. " Tog verwaarloos dit waardevolle bates waaruit dit geld kan verdien, soos die Eeufeesterein." Hulle wysdaarop Ngwathe se bedryfsverlies was die afgelope geldjaar 'n ongehoorde R212miljoen (Herald, 10 Februarie) Die jaar is op 30 Junie met 'n enorme R1.5 miljard in agterstallige kragskuld aan Eskom afgesluit. " Daarom moet Ngwathe sy dorpsbates benut, nie laat vernietig, soos met Eeufeesterrein nie, " sê die DA.

Ferendale verwys na munisipaliteite onder DA-beheer in die Wes-Kaap. " Hulle versorg en verbeter hul eie oorde deurlopend. Ook Midvaal in Gauteng (wat Meyerton en Vaal Marina insluit) se munisipale bates sprankel." Midvaal word reeds meer as 'n dekade deur die DA beheer.

"Kom ons leer by hulle, en ruk Uniefeesterrein weer reg," vra Ferendale. Hy sê hy gaan aanhou met sy druk daarvoor.

## R54 onrybaar



*Die R54 Villiers Denysville-weg is 'n belangrike roete in die Vrystaat wat baie verkeer dra. Dit strek vir ongeveer 37 km en verbind die twee dorpe Villiers en Deneysville. Die pad is al vir 'n geruime tyd 'n probleem as gevolg van die swak toestand daarvan. Die oorsaak is waarskynlik as gevolg van die reën, asook dat geen onderhoud gedoen word nie en talle motoriste het al heelwat skade aan hul voertuie opgedoen.*

## Veg op strate lank nie verby



*'n Inwoner van Heilbron wat Maandag, 6 Maart 'n besoek by Tokollo Hospitaal wou aflê, was deur 'n groep staatsamptenare begroet wat rustig betoog het. Volgens Sydney Kadi, takvoorsitter van Nehawu, het die instansie aansoek gedoen vir 'n nasionale staking. Volgens Sydney hou die staking verband met 'n salarisverhoging van 10%. Hy vertel dat hulle nie sal ophou met die staking voordat die administrasiepersoneel hulle eis aanvaar en nakom nie. Volgens hom het hulle ook 'n probleem wat al 'n hele ruk op die groep se harte lê, en sê dat die staat hulle laasjaar met net 3% wou oplê en hierdie jaar 'n gratifikasie toelae van slegs 4.7%, wat ver onder die inflasiepersentasie is. Die staking het reg oor Suid-Afrika plaasgevind, waar sommige dele in die land nie sulke rustige singende betogers soos in Heilbron gehad het nie.*

# Misdaad styg weer



Boosdoeners is die afgelope twee weke weer hewig aan die gang in Heilbron, besig om huise en besighede rot en kaal te besteel. Beurtkrag het 'n groot bydra tot die styging in misdaad. Ongeveer 'n week gelede is daar by verskeie huise ingebreek, een spesifiek waar 'n vrou se juwele helder oordag gesteel is. Daar word beweer dat areas rondom die Hospitaal en Jeugsorgsentrum reeds in diewe se visier was. Die lisensiekantore het ook die 2de Maart deurgeloop, wat 'n groot probleem skep vir motoriste. 'n Meer onlangse geval was by Renè Fourie, eienaar van CSA Funerals. Inwoners word gewaarsku om paraat te wees en enige verdagtes te rapporteer.









# Troukoors

*Clive Graham en Cindy Essendrup is op die 27ste Januarie 2023 getroud te AGS Kerk Vanderbijlpark. Clive is die seun van Clive en Corné Graham vanaf Fochville en Cindy is die dogter van Yollanda en André Essendrup en kleindogter van Advokaat Jackie Steytler vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Vanderbijlpark.*


CHALK MARKERS
nou beskikbaar
Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Vars Groente Weekliks
Uie
Geskil R20/kg
Aartappels
Heel R15/kg
Beet
Heel 12/kg
Tamaties
Heel R25/kg
Wortels
Heel R12/kg
Bez Combo
R100
500g Verwerkte Botterskorsie
500g Hubbard Squash
1kg Aartappels
1kg Tamaties
1kg Wortels
Botterskorsie
Heel R10/kg
500g verwerk R15
Skorsies
R15 vir 4
Hubbard Squash
500g verwerk R15
Komkommers
Heel R12 elk
Bez Combo
R100 Per Pak
Bezuidenhoutaj1@gmail.com | 060 687 7477


# Engo kry 'n nuwe baadjie



*Susan Bornman, 'n inwoner van Heilbron, is hard aan die werk om die sypaadjie voor Engo 'n mooi voorkoms te gee. Volgens Susan het sy besluit om die stukkie te verfraai omdat dit altyd so onooglik en onnet lyk. Alhoewel dit haar tot dusver ongeveer R20 000 uit die sak gejaag het, gee sy glad nie om nie. Susan vertel dat sy steeds nie klaar is nie, en na 'n lekker wegbreek die projek verder aandurf.*

# Moederkerkers hou basaar



*Na baie beplanning het die NG-Kerk Moedergemeente weereens 'n suksesvolle basaar gehou. Die basaar het die 4de Maart plaasgevind; daar was die heerlikste sosaties, poeding en pannekoeke. Kinders kon hulself besig hou by die kindertafel terwyl hul ouers heerlik aan eetgoed smul en die saamkuier geniet.*

# Uitstekende veiling aangebied



*Jaco Wessels van Edenville het hierdie spog Dohne Merino ram gekoop op die Nasionale Dohne Merino veiling te Graaff-Reinet op 15 Februarie, met die tweede hoogste prys van R80 000.*
*Foto van links na regs agter: Bosch Steyn (BKB), Gawie van Zyl (verkoper), Theuns Goosen (OVK), Gert Jordaan (afslaer), Henrie Naude (BKB), Jaco Wessels (koper), Jacques van Lill (eienaar van Van Lill Wolkopers), Jan van der Walt (BKB), Rudi Jacobs (Van Lill Wolkopers)*
*Voor: Andre Greyvenstein (BKB), Steyn Steenkamp (verkoper)*

LIFE SCIENCES
Grade 12 Textbook
R200 EACH
*Available at*
Herald
Office National
44 Els Street
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National
NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing:
invoice books
receipt books
delivery books
order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more
100%
OPERATIONAL

# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**




HERALD
Office National
VOCAL YOUR LOCAL
THINK | SHOP | SUPPORT | LOCAL
SCRATCH TO WIN
STAND A CHANCE TO
WIN
A WORKSPACE MAKEOVER TO THE VALUE
R40 000
AND R10 000 TO A CHARITY OF YOUR CHOICE!
VALID FROM 6 - 31 MARCH 2023
*T's & C's apply.

**LEITZ - IQ AUTOFEED OFFICE 100 BUNDLE**
BUNDLE DEAL!
- Auto Feed Sheet Capacity: 100 Sheets.
- Manual Feed Sheet Capacity: 8 Sheets.
- Cut Type: Cross.
- Bin Capacity: 34L.
- Can shred: Staples, paper clips & credit cards.
- 20 Minute run time.
- Cool off period: 45 Mins.
- Auto start/stop: Yes.
- Security Level: P4.
- Includes : LEITZ 12 pack oil sheets & LEITZ Battery powered stapler.

| Key | Code | Description |
|---|---|---|
| - | GSBUNLX001 | 100 Bundle |

7050 00 each

**HP - GT TANK INK BUNDLE**
670 00 each
BUNDLE DEAL!
- Original HP Ink.
- Included: GT53XL Black, GT52 Yellow, GT52 Cyan, GT52 Magenta & HP lunch bag.

| Key | Code | Description |
|---|---|---|
| - | GSBUHP048 | Ink Bundle |

**PILOT - BL-G2 RETRACTABLE GEL ROLLERBALL PENS**
20 50 each
- Refillable.
- Rubber grip.

Available in a range of colours

| Key | Code | Description | Colour |
|---|---|---|---|
| ● | PLBLG210BLK | 1.0mm | Black |
| ● | PLBLG210L | 1.0mm | Blue |
| ● | PLBLG25BLK | 0.5mm | Black |
| ● | PLBLG25R | 0.5mm | Red |
| ● | PLBLG25V | 0.5mm | Violet |
| ● | PLBLG27BLK | 0.7mm | Black |
| ● | PLBLG27LG | 0.7mm | Lime Green |

*The longer writing gel pen*

Butterfly INDEX DIVIDERS A4 A-Z

**BUTTERFLY - A4 POLYPROP DIVIDERS**
From 6 80 each
- File Dividers that stand out and add a pop of colour.
- 140 Micron in bright rainbow colours.

| Key | Code | Description | Price |
|---|---|---|---|
| - | GS872014 | 5 Tab | 6.80 |
| - | GS872011 | 10 Tab | 10.80 |
| - | GS872013 | Jan-Dec 12 Tab | 13.60 |
| - | GS872012 | A-Z 16 Tab | 16.83 |
| - | GS872015 | 1-31 Tab | 30.00 |

Send an email to heraldoffice@heilbron.co.za to receive full brochure on all the items, or visit us in-store at Herald Office National (Heilbron Herald), 44 Els street, Heilbron. *T's & C's available on www.officenational.co.za/competitions-terms/. Pricing is only valid during the promotion period 6 March – 31 March 2023 or while stocks last. Delivery fees and lead times may apply. Receive a scratch card when you spend R500 / N$500 / M500 or more, with one item purchased being a Vocal Your Local promotional product. Participating Office National outlets only.

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

HESSENTRAIL

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

HERALD Sport

# Jack dra kroon vir 10de keer



*Op die foto vl: Arnold Saayman, Johan Weilbach, Telanie Strydom, Jackie Leonard en Eben Stander.*

Jackie Leonard het Saterdag dit reggekry om vir die tiende keer Heilbron se klubkampioen te word. Hy was na nege putjies gelyk met Simon Malgas, maar sy bestendige spel het die knoop vir hom deurgehaak. Hy wen die kampioenskap met 152 houe.

Johan du Plessis was die enigste persoon wat die titel meer kere as Jackie kon wen: van 1974 tot 1984 – elf jaar agtereenvolgens.

In die B-afdeling was dit 'n kop aan kop stryd tussen drie spelers en slegs een hou het op die einde die verskil gemaak met Arnold Saayman wat wen met 'n telling van 173 houe. Johan Weilbach was Mnr. Konstant in die C-afdeling en wen met 195 houe. Eben Stander en Julyan Bruyns eindig gelyk met 86 houe en word die trofee aan Eben toegewys omrede Julyan nie beskikbaar was vir uitspeel bepaling nie. Telanie Strydom behou haar damestitel met 'n telling van 99 houe. Delareyz Smit het as beginner ook moedig probeer en was tweede.

Môre sal daar gewone spel wees.

# Old Vaal net-net te sterk vir Heilbron



*Op die foto voor: Jordan Buitendag, Pieter Buitendag, Armand Smit. Agter: Hendry Viljoen, Jeandre Earle, Renier Schoeman, Pieter Baan, Irfan Arshad, Rao Ali en Theuns Botha.*

Heilbron se krieketspan het die naweek hul harte uitgespeel teen Old Vaal en net-net die stryd verloor. Old Vaal het tydens hulle kolfbeurt 176 lopies aangeteken. Heilbron het vinnig paaltjies verloor en was op 60 vir 5 in die 16de beurt uit. Danksy die sterk kolwers het Heilbron 140 behaal in die 33ste beurt. Theuns Botha is as speler van wedstryd aangekondig met 17 lopies. Heilbron speel die naweek teen Parys in Parys.

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 11 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 15 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 02 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |

Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542
DR. NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE

Services Provided:

- Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
- Antenatal and Post natal Care
- Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
- Immunizations and baby wellness services
- Men's health : circumcisions and Prostate screening
- Medical Reports and PDPs
- IV Vitamin Therapy
- Mental health and Counseling services
- Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
- Contact and online sessions for all services
- We also do House calls on request

SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US

Dr. Matla dr_matlan

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 MAART 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 14 MAART 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

MONT PELAAN Twee-maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

**WOENSDAG -15 MAART 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DELMAS: JM RENSBURG
UITVERKOPING VAN LANDBOU- EN WERKSWINKEL TOERUSTING
11:00, plaas Syferfontein
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

**DONDERDAG - 16 MAART 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

DANIËLSRUS Twee-maandelikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

**VRYDAG - 17 MAART 2023**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST.2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
50% afslag op alle kos items!
Slegs geldig op Donderdae gedurende Maart 2023 | Alle drankies uitgesluit